

**Dinsdag 29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 141**

**Fokusgedeelte: Psalm 141:1, 2**

**Gebed is soos reukwerk!**

Angs het die geneigdheid om jou in vrees te dompel. As dit nie voor die Here reg gehanteer word en in sy hande geplaas word nie, het dit die geneigdheid om onder jou vel “in te klim” en te gaan “vassit” in jou gemoed! Dit kan soms “briekloos” met ons weghardloop! Ons elkeen ken die spreekwoord wat sê: Moet nie dat ’n situasie “onder jou vel inklim” en jou gemoed negatief beïnvloed nie! So kan ons deur *angs* (wat nie reg gehanteer word nie) in *vrees gedompel word* en só ons doel as kind van die Here mis!

Dit is wat Dawid in Ps 141 agter die skerms beleef! Ons lees van Dawid se hulpkreet (vs 1). Hy smee tot die Here vanuit sy benoudheid! Die nood leer hom bid! Die Gees van God laat hom in sy situasie besef om nie nét vas te kyk in die omliggende nie! Hy sê: *Ek roep na U, Here, kom tog gou na my toe, luister tog na my ...!* Dawid, tot die dood toe beangs dat die Here Hom nie in sy noodtoestand gaan hoor nie, is smekend besig: *Ek roep na U, Here ...!* Hy is worstelende: *Here, kom tog gou na my toe!* Hy is biddende: *Here, luister tog na my!*

Die groot gevaar in ons lewe is om vas te kyk in ons omstandighede! Dit gebeur dat ons geloofsoog soms op die agtergrond geplaas word en dat die omstandighede rondom ons “onder ons vel inklim”. Het dieselfde nie maar gebeur met die volk Israel by die Rooisee in Eksodus 14 nie? Daardie ang ... wat verder ontwikkel in vrees ... wat maak dat die verlossing en die belofte van God misgekyk word!

Dawid, gelei deur die Heilige Gees, het nie rigtingloos rondgedobber nie. Hy het *in die geloof en deur gebed* uitgestyg bo die omstandighede. Ons hoor in vers 2 hoe hy vasgehou het aan God se beloftes: *Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan ...!* Die “reukwerk” verwys na die reukofferaltaar. Daarop is die wierook gebrand as *simbool van die gebede van die gelowiges* (Op. 5:8). Dawid se *gebed en smeking* is juis dat dit soos reukwerk sal opgaan. Soos ’n lieflike geur voor die Here se aangesig gebring sal word deur Christus! Daarom die mooi simboliek van die reukaltaar wat vóór die allerheiligste gestaan het. Christus wat vóór die troon van genade staan en vir ons intree! Dit is Dawid se *gebed!* Daarin is sy toevlug! Hy vlug na God en sy genade.

Die troos vir ons is dat Jesus Christus ons nie alleen laat nie. Hy het Self ang en benoudheid ervaar in die tuin van Getsemane (Matt. 26:37-38). Hy het die pad vir ons gestap, sodat ons in ons ang nie vreesagtig die toekoms sal instaar nie, maar dat ons in ons omstandighede *kan uitstyg en kan koers hou deur die Woord!* God laat ons deur sy Gees in die geloof uitstyg (bokant ons omstandighede) deur gebed! Met die wete: Christus tree vir ons in!

*Sing: Psalm 141-1:8, 9*

*Ds. GJ Erasmus (Gert) Pretoria-Magalieskruin*